

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

MUSIEK

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2021

Hierdie riglyn bestaan uit 22 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
1. INLEIDING	3
2. ASSESSERING IN GRAAD 12	4
2.1 Formaat van die Musiekvraestelle	4
2.2 Praktiese voordrageksamen	9
2.2.1 Organisasie	9
2.2.2 Optrede tydens die eksamen	9
2.2.3 Standaardisering van die eksamen	9
2.3 Taksonomie	10
3. GRONDVLAKKENNIS	12
3.1 Praktiese komponent (Onderwerp 1)	12
3.2 Geskrewe eksamen Vraestel 1	12
3.3 Musiekbegrip Vraestel 2	12
4. KWALITEIT VAN INHOUD, TAALGEBRUIK EN AANBIEDING	13
5. ASSESSERINGSKRITERIA	14
5.1 Tegniiese werk Voorbeelde van Tegniiese Assessering	14
5.2 Bladlees	18
5.3 Gehoortoetse Voorbeeld van Gehoortoetse: Vir die Eksaminator Voorbeeld van Gehoortoetse: Antwoordblad vir Kandidate	19
5.4 Voordragstukke	21
6. SAMEVATTING	22

1. INLEIDING

Die *Kurrikulum en Asseseringsbeleidsdokument (KABV)* vir Musiek dui die aard en doelwitte van die vak, Musiek, aan. Hierdie dokument ondersteun die onderliggende filosofie vir die onderrig en assessering van die vak in Graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyn is om:

- Duidelikheid oor die assessering ten opsigte van die diepte en omvang van die inhoud in die Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaateksamen vir Musiek te verskaf.
- Onderwysers by te staan om leerders toereikend vir die eksamen te help voorberei.

Hierdie dokument handel oor die finale Graad 12 eksterne eksamen. Dit handel nie in diepte oor die Skoolgebaseerde Asseseringstake (SBA) of die Praktiese Asseseringstake (PAT) nie aangesien dié in 'n aparte dokument vervat is wat meer gereeld opdateer word.

Hierdie riglyn moet saam met die volgende dokumente gelees word:

- *Nasionale Kurrikulum Beleidsdokument (NCS) Kurrikulum en Asseseringsbeleidsdokument (KABV): Musiek*
- *Nasionale Protokol van Assesering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NQF), rakende die Nasionale Protokol vir Assesering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid aangaande die program en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulum Beleidsdokument, Graad R–12

Die tabel hieronder verskaf 'n oorsig van die assessering van Musiek as 'n vak:

Onderwerp	Punte
Praktiese eksamen	
Onderwerp 1 Musiekvoordrag en Improvisasie	150
Geskrewe eksamens	
Onderwerp 2 en 3	
Vraestel 1 Musiekgeletterdheid en Algemene Musiekkennis	120
Vraestel 2 Musiekbegrip	30
TOTALE PUNT	300

Praktiese Eksamen

	Punte
Tegniese ontwikkeling (toonlere en studie) of Tegniese ontwikkeling (twee studies)	10 + 20 = 30 of 15 + 15 = 30
Voordragstukke	3 x 30 = 90
Bladlees	15
Gehoortoetse	15
TOTAAL	150

2. ASSESSERING IN GRAAD 12

2.1 Formaat van die Musiekvraestelle

MUSIEK VRAESTEL 1: MUSIEKGELETTEDHEID EN ALGEMENE MUSIEKKENNIS AFDELING A, B en C/D/E (120 PUNTE)

- Die duur van die vraestel is drie uur. Ongeveer een en 'n half uur moet aan Afdeling A (Onderwerp 2 – Musiekgeletterdheid) en ongeveer een en 'n half uur aan Afdeling B en C/D/E (Onderwerp 3 – Algemene Musiekkennis), spandeer word.
- In die AMK-afdeling moet kandidate vrae van net een van die strome (Afdeling C of D of E) beantwoord.
- Kandidate mag nie toegang tot 'n musiekinstrument gedurende die eksamen hê nie.

AFDELING A: MUSIEKGELETTEDHEID (60 PUNTE) - Verpligtend

Vraag 1: Musiekteorie (15 punte)

- Vrae oor Musiekteorie sal gebaseer word op 'n verskeidenheid van musiekpartiture.
- Kortvrae, onverwant aan die partituur, kan ook gevra word.
- Basiese, fundamentele kennis is die boustene van die Graad 12 werk.
 - Dit sluit alle eenvoudige en saamgestelde tydmaattekens, onreëlmatige tydmaattekens 5/4 en 7/4, alle nootwaardes, triole, duole, toonsoorttekens, toevallige tekens, sleutels, tegniese name, en elemente van musiek (toonkleur, toonduur (metrum, ritme, tempo), toonhoogte (melodie, harmonie, tonaliteit), toonsterkte, tekstuur, struktuur en stemming en atmosfeer), in.
- Verwys na Onderwerp 2 van *KABV* (Graad 12) vir die Musiekteorie-inhoud.
 - Intervalle: alle intervale in noue en wye ligging; omkerings
 - Tonsoorttekens: in al vier sleutels; alle toevallige tekens
 - Ritme en metrum: alle eenvoudige, saamgestelde en die onreëlmatige tydmaattekens 5/4 en 7/4; korrekte groepering
 - Nootwaardes: alle nootwaardes, sowel as triole en duole; alle rustekens
 - Toonlere:
 - Majeur en alle mineure (natuurlik, harmonies en melodies)
 - Chromatiese toonlere: enige konstruksie aanvaarbaar
 - Pentatoniese toonlere: majeur en mineur pentatoniese weergawes
 - Melodiese mineur modusse (Jazz): slegs I, V en VII
 - Terminologie:
 - Voorgeskrewe terme vir slegs Graad 12
 - Tegniese name van die toonleertrappe

Vraag 2: Komposisie (15 punte)

- Daar sal van kandidate verwag word om 'n melodie vir 'n melodiese instrument of die stem te skep.
- Die melodie kan in 'n majeur of mineur toonsoort wees.
- **Lengte:** 12 mate in ABA-vorm
- **Materiaal:** Die onderstaande mag gegee word:
 - 'n Aanvangsmotief
 - 'n Ritmiese patroon
- **Notasie:** Die onderstaande notasie mag gebruik word:
 - Balknotasie
 - Tonika-solfa mag gebruik word as die melodie vir stem sonder teks bedoel is.
- **Artikulasie-aanduidings:** Dié moet korrek op die partituur gebruik word. Dinamiese aanduidings mag gebruik word.

Vraag 3: Harmoniese Analise (15 punte)

- Vrae oor harmoniese analise sal op 'n verskeidenheid van musiekpartiture gebaseer wees.
- Verwys na Onderwerp 2 van *KABV* (Graad 12) van Musiekteorie-inhoud.
- Alle antwoorde moet van die toepaslike besyfering van die akkoorde gepaardgaan (Romeinse besyfering vir vierstemmige harmonie (WKM of IAM) en akkoordsimbole vir instrumentale stukke/uittreksels/voorbeelde (JAZZ of IAM)).
- Daar kan van kandidate verwag word om 'n kadens te voltooi of 'n non-akkoordnoot by te voeg, ens.

Vraag 4: Harmonisasie (15 punte)

- Daar sal van kandidate verwag word om 'n gegewe sopraanmelodie te harmoniseer deur drie vokale partye (alt, tenoor, bas) by te voeg of om 'n instrumentale stuk in 'n jazz-styl waarvan die melodie verskaf is, te voltooi.
- Antwoorde mag vergesel word van toepaslike besyfering van akkoorde (Romeinse besyfering vir vierstemmige harmonie (WKM of IAM) en akkoordsimbole vir instrumentale stukke (JAZZ of IAM)).

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (10 PUNTE) - Verpligtend**Vraag 5: Suid-Afrikaanse Musiekbedryf (10 punte)**

- Daar sal van kandidate verwag word om kort- of langer vrae wat handel oor die Suid-Afrikaanse Musiekbedryf te beantwoord.
- Verwys na Onderwerp 3 van *KABV* (Graad 12) vir die inhoud aangaande die Suid-Afrikaanse Musiekbedryf.

AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (50 PUNTE) – Gekose Stroom**Neem kennis van die volgende belangrike aspekte:**

- Navorsing oor die geskiedenis van moderne IAM onderwerpe:
 - Migrante-Arbeidstelsel (MAS) en die invloed daarvan op die ontwikkeling van musiek
 - Ontwikkeling van Afrika-jazz in verhouding met internasionale tendense
 - Tydraamwerk vir modern konstruksies:
 - Marabi
 - Kwela
 - Isicathamiya
 - Maskandi
 - Mbaqanga
 - Malombo-jazz
- Metafore van musiek in die leefwêreld van inheemse Afrika-gemeenskappe:
 - Afrika-tromspel
 - Afrika-dans
 - Kindermusiek/dans
 - Rituele
 - Goddelike perspektief
- Inhoud soos vervat in die *KABV*
- Moderne Konstruksies
- Voorgeskrewe werke sal in 'n aparte dokument deur die Direkoraat vir Kurrikulumbestuur, verskaf word.

Hierdie afdeling sal die volgende vraagtypes en beskrywings insluit:

Kortvrae (20 punte)

- Terme/Terminologie
- Alle style en genres soos genoem in *KABV*
- 'n Diepgaande studie van twee voorgeskrewe werke per styl
- Hoewel die fokus op die voorgeskrewe werke vir elke kunstenaar/groep is, word daar van kandidate verwag om na 'n wye verskeidenheid musiek in die voorgeskrewe style te luister.

Paragrafe/Vergelykings/Kort notas/Tabelle ens. (15 punte)

- Alle style en genres soos genoem in *KABV*
- 'n Diepgaande studie van twee voorgeskrewe werke per styl
- Hoewel die fokus op die voorgeskrewe werke vir elke kunstenaar/groep is, word daar van kandidate verwag om na 'n wye verskeidenheid musiek in die voorgeskrewe style te luister.

Opstel (15 punte)

- Alle style en genres soos genoem in *KABV*

OF

AFDELING D: JAZZ (50 PUNTE) – Gekose Stroom

Neem kennis van die volgende belangrike aspekte:

- Definisies, elemente en styleienskappe van alle genres
- 'n Kort biografie van komponiste, kunstenaars of groepe
- Voorgeskrewe werke sal in 'n aparte dokument deur die Direkoraat vir Kurrikulum Bestuur, verskaf word.

Kortvrae (20 punte)

- Terme/Terminologie
- Alle style en genres soos genoem in *KABV*
- 'n Diepgaande studie van twee voorgeskrewe werke per styl
- Hoewel die fokus op die voorgeskrewe werke vir elke kunstenaar/groep is, word daar van kandidate verwag om na 'n wye verskeidenheid musiek in die voorgeskrewe style te luister.

Paragrafe/Vergelykings/Kort notas/Tabelle ens. (15 punte)

- Alle style en genres soos genoem in *KABV*
- 'n Diepgaande studie van een van die voorgeskrewe werke per styl
- Hoewel die fokus op die voorgeskrewe werke vir elke kunstenaar/groep is, word daar van kandidate verwag om na 'n wye verskeidenheid musiek in die voorgeskrewe style te luister.

Opstel (15 punte)

- Alle style en genres soos genoem in *KABV*

OF

AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (50 PUNTE) – Gekose Stroom**Neem kennis van die volgende belangrike aspekte:**

- Definisies van alle genres (simfonie, simfoniese toondig, konsertouverture en opera) en sub-genres (komiese opera, Singspiel, opera seria, aria, resitatief, ens.)
- Die uitleg van 'n orkespartituur
- Ontwikkeling van die simfonieorkes en instrumentasie (Barokorkes, Mannheim, standaard Klassieke orkes)
- Samevatting van die historiese ontwikkeling van die opera (Camerata, Monteverdi, Gluck)
- Voorgeskrewe werke sal in 'n aparte dokument deur die Direkoraat vir Kurrikulum Bestuur, verskaf word.

Kortvrae (20 punte)

- Terme/Terminologie
- Simfonie, simfoniese toondig, en konsertouverture
- Opera en ontwikkeling van opera (Camerata, Monteverdi, Gluck)
- Vormanalise: sonatevorm, Minuet en Trio, en rondovorm
- Ontwikkeling van die simfonieorkes en instrumentasie (Barokorkes, Mannheim, standaard Klassieke orkes)

Paragrafe/Vergelykings/Kort notas/Tabelle ens. (15 punte)

- Simfonie, simfoniese toondig, en konsertouverture
- Opera en ontwikkeling van opera (Camerata, Monteverdi, Gluck)
- Vormanalise: sonatevorm, Menuet en Trio, en rondovorm
- Ontwikkeling van die simfonieorkes en instrumentasie (Barokorkes, Mannheim, standaard Klassieke orkes)

Opstel (15 punte)

- Alle style en genres soos genoem in *KABV*

**MUSIEKVRAESTEL 2: MUSIEKBEGRIJ
ADELINGS A, B EN C (30 PUNTE)**

- Die duur van die vraestel is een en 'n half uur.
- In Vraestel 2 sal van alle kandidate verwag word om op musiek van verskillende style en tradisies te reageer.
- Die vraestel sal voltooi word terwyl die kandidate na klankbane op 'n amptelike eksamen-CD luister.
- Elke graad 12-eksamensentrum sal 'n klank-CD ontvang wat tydens die finale eksamen aan kandidate voorgespeel moet word.
- Indien 'n skool meer as een stroom (IAM, JAZZ, WKM) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
 - Elke stroom/keuse moet in 'n aparte lokaal geskryf word.
 - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
 - Elke lokaal moet 'n afsonderlike CD hê. (Die departement moet in kennis gestel word sodat die regte hoeveelheid CD's betyds afgelewer kan word.)
 - 'n Toesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.
- Die hooftoesighouer moet die CD ten minste een week voor die eksamen plaasvind toets. Dit moet op dieselfde toerusting as wat in die eksamen gebruik gaan word, getoets word.
- Die Musiekonderwyser mag nie tydens die toets van die CD teenwoordig wees nie.
- Gedurende die eksamen moet die toesighouer/Musiekonderwyser die snitte die aantal kere, volgens die instruksies in die vraestel, speel. Genoeg tyd moet tussen vrae toegelaat word sodat die kandidate hulle antwoorde kan voltooi.
- Basiese grondvlakkennis is noodsaaklike boustene vir die verstaan van die graad 12-werk.
 - Dit sluit in: eenvoudige en saamgestelde tydmaattekens, alle nootwaardes, toonsoorttekens en elemente van musiek (toonkleur, toonduur (metrum, ritme, tempo), toonhoogte (melodie, harmonie, tonaliteit), toonsterkte, tekstuur, struktuur en stemming/atmosfeer en komposisietegnieke.

AFDELING A: GEHOORHERKENNING (10 PUNTE) - Verpligtend

Die volgende vrae kan gevra word:

- Ritmiese diktee
- Ritmiese en melodiese diktee
- Herkenning van intervalle, toonlere, non-akkoordnote, akkoorde, kadense, komposisietegnieke, instrumente, genres, elemente van musiek

AFDELING B: HERKENNING VAN KONSEPTE (12 PUNTE) – Gekose Stroom

Daar sal keusevrae vir die IAM-, JAZZ- en WKM-strome wees:

- Vrae sal oor genres, stylperiodes, instrumente en stemtipes gevra word.
- Dit sluit voorgeskrewe musiekstyle/komponiste/kunstenaars, musikale vorms, styleienskappe en elemente van musiek in.

AFDELING C: VORMLEER (8 PUNTE) - Verpligtend

- Vrae sal oor een van die volgende vormstrukture gevra word:
 - Tweeledige vorm (AB)
 - Drieledige vorm (ABA)
 - AABA
 - Twaalf-maat Blues
 - Vers-en-refrein-vorm
 - Basiese Afrika-vorms: roep en antwoord, solo-liedere, gemengde struktuurvorms
- 'n Musiekpartituur sal in die eksamen verskaf word. Daar sal van kandidate verwag word om hoofseksies, toonsoorte, kadense en komposisietegnieke op die partituur aan te dui. Ander vormverwante vrae wat 'n geskrewe antwoord vereis, kan ook gevra word.

2.2 Praktiese Voordrageksamen

2.2.1 Organisasie

- Die finale praktiese eksamen vind tussen Augustus en die einde van Oktober plaas.
- Hierdie eksamens word deur 'n paneel van ten minste twee, verkieslik drie eksaminatore afgeneem wat bestaan uit 'n moderator (vakadviseur) en een of twee instrumentale spesialiste (onderwysers) tensy daar buitengewone omstandighede heers, in welke geval die skool in kennis gestel sal word aangaande die samestelling van die eksamenpaneel.
- Kandidate mag nie deur onderwysers van hulle eie skool geëksamineer word nie (insluitend deeltydse, onafhanklike onderwysers), maar mag deur sodanige onderwysers begelei word. Begeleiers mag slegs vir die duur van die bepaalde voordragstuk(ke) in die lokaal teenwoordig wees.
- Die musiekonderwyser van die skool of die instrumentale onderwyser mag die eksamen as 'n toeskouer bywoon, maar mag nie die punte bespreek of van die punte kennis dra nie.
- Geen punte mag aan die onderwyser, instrumentale onderwyser of ouer bekendgemaak word nie. Alle praktiese punte moet streng vertroulik hanteer word soos die punte van alle geskrewe eksamens in alle vakke.
- 'n Eksamenrooster moet in oorlegpleging met die skool en die provinsiale departement deur die provinsiale koördineerder opgestel word.
- 'n Bywoningsregister moet deur alle kandidate op die dag van die eksamen geteken word.
- Alle aspekte van die eksamen word in 'n sessie van ongeveer 30–40 minute per kandidaat geassesseer.
- Die eksamenlokaal hoef nie noodwendig op die skoolterrein te wees nie, maar moet toepaslik toegerus wees en stilte moet rondom die lokaal gehandhaaf word.
- Kandidate moet in hulle skooluniforms geklee wees.
- Alle dokumentasie, bv. gehoortoetse en bladleestoetse sal deur die provinsiale departement verskaf word.

2.2.2 Gedrag gedurende die eksamen

- Eksaminatore en kandidate moet ten minste 30 minute voor die aanvang van die eksamen by die lokaal aanmeld.
- Kandidate moet 'n kopie van 'n amptelike toonleerlys vir die toonlere en tegniese werk inlewer.
- Kandidate moet die oorspronklike, gedrukte partituur en twee kopieë van al die voordragstukke van hulle gekose repertorium, verskaf.
- Kandidate moet 'n kopie van hulle ID-dokumente inlewer wanneer hul die eksamenlokaal binnegaan.

2.2.3 Standaardisering van die eksamen

- Onderwysers moet seker maak dat die standaard van die gekose repertorium op 'n aanvaarbare vlak is. Vlakbeskrywings kan gevind word op bladsy 11 paragraaf 2.6 van die KABV dokument. Enige onsekerheid rondom die vereiste standaard moet aan die begin van die Graad 12-jaar met die provinsiale vakadviseur uitgeklaar word. Stukke wat op 'n laer vlak as die vereiste standaard aangebied word, sal proporsioneel soos volg gepenaliseer word:

Intermediêre Vlak (Hoër)	Graad IV	Punt x 4/5
Intermediêre Vlak (Laer)	Grade III	Punt x 3/5
Elementêre Vlak (Hoër)	Grade II	Punt x 2/5
Elementêre Vlak (Laer)	Grade I	Punt x 1/5

- Kandidate wat meer as een instrument bespeel, mag die tegniese werk en bladlees op enige van die instrumente aanbied.
- Kandidate wat die stem as instrument aanbied, moet alle tegniese oefeninge voorberei, waarvan vyf geassesseer sal word saam met een vokale studie. Alternatiewelik mag kandidate twee vokale studies aanbied en die tegniese oefeninge weglaat.

- Kandidate wat Afrika-instrumente of perkussie aanbied, moet al die voorgeskrewe tegniese oefeninge/rudimente voorberei, waarvan vyf geassesseer sal word saam met een studie. Alternatiewelik mag kandidate twee instrumentale studies aanbied en die tegniese oefeninge weglaat.
- 'n Studie kan enige onafhanklike musiekstuk wat 'n musikale vaardigheid (uitdrukking, toonproduksie, tegniek ens.) verbeter, wees. Die titel hoef nie die woorde, studie, etude of oefening te bevat nie en dit mag begelei wees (in die geval van 'n enkellyn instrument).
- Die standaard van die studies moet op die Gevorderde Vlak (Graad V) wees.
- Kandidate sal in elke stroom (IAM, Jazz en WKM) 'n bladleestoets gedurende die eksamen doen.
- Kandidate sal tot en met een minuut hê om die bladleestoets deur te kyk sonder om hul instrument/stem te gebruik.
- Gehoortoetse sal deur die provinsiale departement verskaf word en sluit drie toetse in: bladsang, die klap van 'n ritme en die sing van drieklanke (en akkoorde vir IAM en JAZZ).
- Voorbeelde van die assessering volg later in hierdie dokument.

2.3 Taksonomie

- Verskillende kognitiewe vlakke sal in die vraestelle weerspieël word volgens die volgende verhoudings.

30%	Laervlakvrae (Vlakke 1 en 2)
40%	Middelvlakvrae (Vlakke 3 en 4)
30%	Hoëvlakvrae (Vlakke 5 en 6)

Die tabel hieronder gee 'n aanduiding van die verskillende vlakke waarop die vrae opgestel kan word.

Kennis	Begrip	Toepassing	Analise	Evaluering	Skepping
Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 5	Vlak 6
<ul style="list-style-type: none"> • Definieer • Beskryf • Vind • Identifiseer • Lys • Luister • Pas • Noem • Noteer • Herken • Kies • Stel 	<ul style="list-style-type: none"> • Klassifiseer • Demonstreer • Beskryf • Bespreek • Doen • Verduidelik • Gee 'n voorbeeld • Illustreer • Dui aan • Gee 'n oorsig • Vat saam/Som op 	<ul style="list-style-type: none"> • Pas toe • Verander • Kies • Vergelyk • Voltooi • Konstrueer • Kontrasteer • Bepaal • Besyfer • Noteer • Orden • Wys • Gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> • Analiseer • Klassifiseer • Lewer kommentaar • Vergelyk • Lewer kritiek • Diskrimineer • Onderskei 	<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik • Besyfer akkoorde • Maak 'n afleiding • Interpreteer • Kies uit 'n lys • Skei • Bestudeer 	<ul style="list-style-type: none"> • Assesseer • Oortuig • Debatteer • Ondersoek • Vind foute • Beoordeel • Maak 'n aanbeveling • Komponenteer

LET WEL: Die moeilikheidsgraad van 'n vraag word nie bepaal deur die werkwoord wat gebruik word nie – eerder deur die konteks van die vraag/inhoud wat gevra word.

RIGLYNE VIR DIE GEBUIK VAN WERKWOORDE WANNEER VRAE OPGESTEL WORD**Vlak 1**

• Lys	Stel in die bondigste vorm, bv. <i>Noem van twee maskandi-kunstenaars/voordraers</i>
• Noem	Benoem iets, bv. <i>Noem die komponis van die Pastorale Simfonie</i>
• Identifiseer	Vind 'n item wat tussen ander inligting versteek is, bv. <i>Identifiseer die tipe nie-akkoordnoot</i>
• Beskryf	Gee 'n kort weergawe van iets, bv. <i>Beskryf die instrumente wat in die uitvoering van Pata Pata deur Miriam Makeba gebruik word</i>
• Definieer	Gee die presiese betekenis van 'n term of konsep, bv. <i>Definieer 'n ouverture</i>

Vlak 2

• Verduidelik	Maak iets duidelik, bv. <i>Verduidelik wat maskandi is in jou eie woorde</i>
• Som op	Gee 'n verkorte weergawe van die noodsaaklike feite, bv. <i>Skryf 'n kort samevatting van die storielyn van Die Towerfluit</i>
• Gee 'n oorsig	Gee die absolute noodsaaklike inligting, bv. <i>Gee 'n oorsig oor die geskiedenis van Kaapse jazz</i>
• Doen	Volg 'n instruksie, bv. <i>Skryf die majeur-toonleer wat vier kruise bevat, neer</i>

Vlak 3

• Vergelyk/ Kontrasteer	Dui aan hoe konsepte/style/werke dieselfde of verskillend is, bv. <i>Vergelyk die styleienskappe van Abdullah Ibrahim en Robbie Jansen</i>
• Gebruik	Gebruik informasie om betekenis duidelik te maak, bv. <i>Gebruik die volgende lys van elemente om 'n paragraaf oor die styleienskappe van Mozart te skryf</i>
• Pas toe	Gebruik kennis en begrip om duidelikheid te gee, bv. <i>Herskryf die volgende melodie in die relatiewe mineur toonsoort</i>

Vlak 4

• Diskrimineer	Ken die verskil tussen konsepte, bv. <i>Dui die verskille tussen die uiteensetting en heruiteensetting in sonatevorm aan</i>
• Onderskei	Identifiseer die eienskappe wat die verskil aandui, bv. <i>Wat is die verskil tussen 'n programsimfonie en 'n simfoniese toondig?</i>
• Lewer kritiek	Gee 'n opinie gebaseer op grondige feite, bv. <i>Hoe manifesteer die eienskappe van Afrika-jazz in hierdie stuk?</i>
• Analiseer	Verdeel in kleiner dele om te kan begryp/verstaan, bv. <i>Analiseer die vorm van die volgende lied/aria</i>
• Besyfer akkoorde	Beskryf die akkoorde en progressies, bv. <i>Verskaf besyfering van die akkoorde in maat 5 en 6 deur die toonsoort, akkoord en posisie (omkering) neer te skryf</i>

Vlak 5

• Assesseeer	Maak 'n stelling oor die kwaliteit, bv. <i>Assesseeer die stilistiese akkuraatheid van die volgende jazz-solo</i>
• Onderzoek	Maak 'n diepgaande studie van 'n bepaalde aspek, bv. <i>Hoe verskil die tekstuur in hierdie komposisie tussen maat 12 en 20?</i>
• Debatteer	Skryf oor iets uit meer as een perspektief, bv. <i>Debatteer, in jou eie woorde, of Beethoven as 'n Klassieke of Romantiese komponis beskou kan word</i>

Vlak 6

• Komponeer	Skep nuwe musiek, bv. <i>Komponeer 'n melodie deur die gegewe aanvangsnote te gebruik</i>
• Harmoniseer	Harmoniseer of skryf 'n begeleiding vir 'n gegewe melodie, bv. <i>Skryf 'n begeleiding vir die volgende klaviermelodie</i>
• Gee 'n opinie	Gee 'n grondige mening van 'n werk of uitvoering, bv. <i>Gee twee redes waarom jy hierdie uitvoering as esteties bevredigend/onbevredigend beskou</i>

3. GRONDLAKKENNIS**3.1 Prakties (Onderwerp 1)**

Die kennis en vaardighede wat vooraf opgedoen is tot en met graad 12, is van kardinale belang vir die suksesvolle aanbieding van Musiek as vak in die laaste skooljaar.

Kandidate kan nie met Musiek as vak in graad 12 begin tensy hulle die vereiste standaard in die vaardighede van die praktiese voordrag van musiek verwerf het nie.

3.2 Geskrewe Eksamen: Vraestel 1 (Onderwerp 2 en Onderwerp 3)

Musiekgeletterdheid (Onderwerp 2), is van nature akkumulatief in die VOO-fase. Daarom sal die Musiekgeletterdheid afdeling van die vraestel grondvlakkennis insluit.

Algemene Musiekkennis (Onderwerp 3) sluit die bestudering van die musiekindustrie in en is daarom verpligtend vir al drie strome. Spesifieke vrae vir elk van die strome (IAM, JAZZ, WKM) sal uit die graad 12-inhoud gevra word. Desnieteenstaande, is dit belangrik dat kandidate oor algemene kennis aangaande die basiese elemente van musiek, musiekstyl, instrumente en vorm beskik.

3.3 Musiekbegrip: Vraestel 2

Alle vaardighede en toepassing van kennis wat in graad 10 en 11 aangeleer is, sal saam met die nuwe inhoudskennis van graad 12 assesseeer word.

4. KWALITEIT VAN INHOUD, TAALGEBRUIK EN AANBIEDING

Aanbieding

- Musiekgeletterdheid- en Gehoortoetsvrae wat musieknotasie insluit, moet duidelik en ondubbelsinnig met potlood beantwoord word.
- Alle ander vrae moet met swart of blou ink beantwoord word.
- Waar vormanalise gedoen word, moet die konvensies van vormanalise nagevolg word, bv. seksies moet bo-aan die partituur, tonsoorte en besyfering onderaan die partituur en komposisietegnieke binne-in die partituur, aangedui word.

Tipes antwoorde in Algemene Musiekkennis

- Antwoorde moet toepaslike informasie in vol sinne met korrekte spelling, leestekens en grammatika aanbied.
- Enkelwoord- of puntsgewyse antwoorde moet slegs gebruik word wanneer spesifiek daarvoor gevra word.
- Antwoorde aangebied as paragrawe moet sinvol en logies uiteengesit word.
- Opsteltipe vrae moet 'n inleidende-, middel- (wat meer as een paragraaf kan wees) en slotparagraaf bevat. Punte sal vir die korrekte gebruik van hierdie opstelformaat toegeken word.

5. ASSESSERINGSKRITERIA

Die assesseringskriteria van die tegniese werk, blad lees en voordragstukke word hieronder verskaf.

5.1 Tegniese assessering**OPSIE 1: WESTERSE INSTRUMENTE**

Kandidate moet al die toonlere en arpeggio's van 'n gerekende eksamen-instansie se lys, voorberei. Eksaminatore sal die toonlere en arpeggio's volgens die onderstaande lys vra.

TOORLERE EN ARPEGGIO'S

(2 PUNTE ELK)

Toonlere en Arpeggio's

1. Majeur-toonleer: _____
2. Mineur-toonleer: _____
3. Chromatiese toonleer: _____
4. Majeur-arpeggio: _____
5. Mineur-arpeggio: _____

TOTAAL**10****ASSESSERINGSKRITERIA
VAN TEGNIESE WERK**

5 x 2 = 10

2	Vlot, akkuraat en egalig met goeie tegniese vaardigheid Goeie toonkwaliteit en sekure intonasie Flink reaksie
1½	Tegnies sekuur met 'n paar glipse a.g.v. stres Toonkwaliteit en intonasie meestal betroubaar Oor die algemeen flink reaksie
1	Meestal vlot maar tegniek nie heeltemal egalig nie Toonkwaliteit en intonasie wissel Huiwerend en onsekere reaksie en hier en daar is oor begin
½	Gebrekkige kennis van die struktuur met heelwat foute en tegniese onhandighede Swak toonkwaliteit en intonasie Begin telkens weer en min sin vir die toonsoort
0	Geen sin van vloei Baie ernstige foute Geen sin van struktuur

Die assesseringskriteria vir die studie is op bladsy 16.

TEGNIесе WERK		
	MAKSIMUM PUNT	PUNT TOEGEKEN
TOONLERE EN ARPEGGIO'S	10	
STUDIE	20	
TOTAAL	30	

TWEE studies mag die Toonlere/Tegniese oefeninge en EEN studie vervang.

OPSIE 2: STEM EN PERKUSSIE-INSTRUMENTE

STEM: TWEE STUDIES		
	MAKSIMUM PUNT	PUNT TOEGEKEN
STUDIE 1	15	
STUDIE 2	15	
TOTAAL	30	

OF

PERKUSSIE/AFRIKA-INSTRUMENTE		
	MAKSIMUM PUNT	PUNT TOEGEKEN
STUDIE 1	15	
STUDIE 2	15	
TOTAAL	30	

OF

**OPSIE 3: STEM EN PERKUSSIE/AFRIKA-INSTRUMENTE
STEM EN PERKUSSIE/AFRIKA-INSTRUMENTE****(2 PUNTE ELK)**

Toonlere/Arpeggio's/Rudimente/Oefeninge

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____

TOTAAL

10**ASSESSERINGSKRITERIA VAN
TEGNIESE WERK**

5 x 2 = 10

2	Vlot, akkuraat en egalig met goeie tegniese vaardigheid Hoë toonkwaliteit en sekure intonasie Flink reaksie
1½	Tegnies sekuur met 'n paar glipse a.g.v. stres Toonkwaliteit en intonasie meestal betroubaar Oor die algemeen flink reaksie
1	Meestal vlot maar tegniek nie heeltemal egalig nie Toonkwaliteit en intonasie wissel Huiwerend en onsekere reaksie en hier en daar is oor begin
½	Gebrekkige kennis van die struktuur met heelwat foute en tegniese onhandighede Swak toonkwaliteit en intonasie Begin telkens weer en min sin vir die toonsoort
0	Geen sin van vloei Baie ernstige foute Geen sin van struktuur

TEGNIESE WERK		
	MAKSIMUM PUNT	PUNT TOEGEKEN
TOONLERE EN ARPEGGIO'S	10	
STUDIE	20	
TOTAAL	30	

ASSESSERINGSKRITERIA VIR STUDIE

VLOTHEID; AKKURAATHEID 20	STYLSIN 20	ALGEMEEN 20
(18–20) UITMUNTEND Akkuraat, vlot en presiese spel	(18–20) UITMUNTEND Duidelike begrip van die vereiste styl	(18–20) UITMUNTEND Uitmuntende toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en toepaslike tempo
(14–17) GOED Meestal akkurate en vlot spel	(14–17) GOED 'n Goeie sin vir voordrag in die vereiste styl	(14–17) GOED Goeie toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(10–13) GEMIDDELD Basies akkuraat met aanvaarbare vlotheid	(10–13) GEMIDDELD 'n Redelike sin vir die vereiste styl	(10–13) GEMIDDELD 'n Redelike toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(6–9) AANVAARBAAR Onsekere tempo, polsslag nie duidelik; baie huiwering; min akkurate spel	(6–9) AANVAARBAAR Voordrag onsamehangend en gevoel vir styl hoofsaaklik afwesig	(6–9) AANVAARBAAR 'n Idee van toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(0-5) ONAANVAARBAAR Baie swak vloei met heelwat struikeling, her-begin en/of onderbrekings; min akkurate spel; baie foute	(0-5) ONAANVAARBAAR Net die buitelyn van 'n styl is herkenbaar	(0-5) ONAANVAARBAAR Afwesigheid van toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
60 punte ÷ 3 = 20 punte (Opsies 1 en 3) OF 60 punte ÷ 4 = 15 punte (Opsie 2)		

5.2 Blad lees

ASSESSERINGSKRITERIA VIR BLADLEES

STYL EN INTERPRETASIE 5	AKKURAARDHEID 5	VLOEI/VLOTHEID 5
<p>(5) UITMUNTEND</p> <p>Musikaal oortuigend, oortuigende frasering, kunstige artikulasie en dinamiek</p>	<p>(5) UITMUNTEND</p> <p>Akkurate lees van note en rustekens</p>	<p>(5) UITMUNTEND</p> <p>Egalige en toepaslike tempo, vlot voordrag</p>
<p>(4) GOED</p> <p>'n Redelike begrip van frasering, artikulasie en dinamiek</p>	<p>(4) GOED</p> <p>Meestal akkurate lees van note en rustekens</p>	<p>(4) GOED</p> <p>Tempo meestal behou</p>
<p>(3) AANVAARBAAR</p> <p>Aanvaarbare beheer van sommige aspekte van musikale styl</p>	<p>(3) AANVAARBAAR</p> <p>Aanvaarbare vlak van lees van note en rustekens</p>	<p>(3) AANVAARBAAR</p> <p>Aanvaarbare tempo, hoewel redelik stadig, vlotheid aanvaarbaar</p>
<p>(2) SWAK</p> <p>Min aandag aan detail van musikale interpretasie</p>	<p>(2) SWAK</p> <p>Meestal onakkurate lees van note en rustekens</p>	<p>(2) SWAK</p> <p>Onegalige tempo, heeltemal te stadig, min vloei</p>
<p>(0–1) ONAANVAARBAAR</p> <p>Geen aandag aan musikale detail</p>	<p>(0–1) ONAANVAARBAAR</p> <p>Voordrag laat vaar of verkort</p>	<p>(0–1) ONAANVAARBAAR</p> <p>Statiese tempo, geen vloei</p>
Totaal: 15 punte		

5.3 **Gehoortoetse****VOORBEELD: GEHOORTOETSE****GEHOORKOMPONENT (15)****VRAESTEL ALLEENLIK VIR EKSAMINATOR**

1. Bladsang
(Leerder mag die bladsang vir 30 sekondes bestudeer. Pas *doh* aan waar nodig.) (6)



Doh is C | d :m | r .d :r | m .f :s .s | d' :- |


2. Speel die musiekfrase twee keer. Die kandidaat moet die ritme klap. (6)



3. Sing van drieklanke/akkoorde (3)

3.1

3.2




Minor

Major

IAM/JAZZ Opsie

3.1

3.2



Dom 7th

Dim 7th

TOTAAL: 15

VOORBEELD: GEHOORTOETSE**GEHOORKOMPONENT (15)****ANTWOORDBLAD ALLEENLIK VIR DIE KANDIDAAT**

1. Bladsang
(Leerder mag die bladsang vir 30 sekondes bestudeer. Pas *doh* aan waar nodig.) (6)

**OF**

Doh is C		d	:	m		r	.	d	:	r		m	.	f	:	s	.	s		d'	:	-	
----------	--	---	---	---	--	---	---	---	---	---	--	---	---	---	---	---	---	---	--	----	---	---	--

Punt: _____

2. Klap die ritme (6)

Punt: _____

3. Sing die drieklank/akkoord (3)

3.1 _____

3.2 _____

Punt: _____

TOTAAL: 15

5.4 Voordragstukke

- Elke kandidaat moet drie stukke van verskillende style, tempo's en karakter aanbied.
- Minstens een van die stukke moet 'n ensemble wees. Sien hieronder:

IAM	JAZZ	WKM
Stuk 1 Eie keuse (solostuk/ improvisasie/ensemble) (30)	Stuk 1 Eie keuse (solostuk/ improvisasie/ensemble) (30)	Stuk 1 Eie keuse (solostuk) (30)
Stuk 2 Eie keuse (solostuk/ensemble) (30)	Stuk 2 Eie keuse (solostuk/ensemble) (30)	Stuk 2 Eie keuse (solostuk/ensemble) (30)
Stuk 3 Ensemble (30)	Stuk 3 Ensemble (30)	Stuk 3 Ensemble (30)

- Vir die doeleindes van hierdie eksamen moet 'n ensemble bestaan uit 2-8 persone. Elke speler moet 'n onafhanklike party wat nie deur 'n ander speler verdubbel word nie, speel.
- Indien 'n volwassene of onderwyser saam met die kandidaat speel, moet daar ten minste nog een leerder deel wees van die ensemble.
- Ensemble-stukke wat deur meer as een graad 12-kandidate gespeel word, moet soveel keer herhaal word as wat deur die eksaminator vereis word.
- Improvisasie mag deel van enige van die stukke vorm, maar 'n snelskrifpartituur ('lead sheet') moet vir die eksaminator se gemak verskaf word.
- Kandidate wat stukke op 'n hoër standaard as die vereiste minimumstandaard aanbied, sal op die vlak van die spesifieke standaard geassesseer word. Hulle sal daarom nie bevoordeel word tensy die stuk met tegniese vaardigheid, akkurate karakterisering en stilistiese insig gespeel word nie. Dit beteken dat 'n kandidaat wat 'n stuk op 'n hoër moeilikheidsgraad ontoereikend speel, dit op dieselfde manier as 'n kandidaat wat 'n stuk op die minimum standaard ontoereikend speel, geassesseer sal word.

ASSESSERINGSKRITERIA VIR VOORBEREIDE STUKKE EN ENSEMBLE

VLOTHEID; AKKURAATHEID	STYLSIN; MUSIKALE BEGRIP/ INTERPRETASIE	ALGEMEEN
20	20	20
(18–20) UITMUNTEND Akkuraat, vlot en presiese spel	(18–20) UITMUNTEND Duidelike begrip van die vereiste styl; uitmuntende projeksie en kommunikasie van die betekenis van die musiek	(18–20) UITMUNTEND Uitmuntende toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en toepaslike tempo
(14–17) GOED Meestal akkurate en vlot spel	(14–17) GOED 'n Goeie sin vir voordrag in die vereiste styl; goeie begrip en kommunikasie van die betekenis van die musiek	(14–17) GOED Goeie toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(10–13) GEMIDDELD Basies akkuraat met aanvaarbare vlotheid	(10–13) GEMIDDELD 'n Redelike sin vir die vereiste styl; gedeeltelike suksesvolle kommunikasie van die betekenis van die musiek	(10–13) GEMIDDELD 'n Redelike toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(6–9) AANVAARBAAR Onsekere tempo, polsslag nie duidelik; baie huiwering	(6–9) AANVAARBAAR Voordrag onsamehangend en gevoel vir styl hoofsaaklik afwesig; min sin vir musikale begrip	(6–9) AANVAARBAAR 'n Idee van toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(0–5) ONAAANVAARBAAR Baie swak vloei met heelwat struikeling, her-begin en/of onderbrekings; min akkurate spel; baie foute	(0–5) ONAAANVAARBAAR Net die buitelyn van 'n styl is herkenbaar; musikale singewing afwesig	(0–5) ONAAANVAARBAAR Afwesigheid van toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
60 punte vir elke stuk ÷ 2 = 30 punte per stuk x 3 = 90 punte		

6. SAMEVATTING

Hierdie Eksamensriglyne-dokument het ten doel om die assesseringsaspirasies van die *KABV* dokument te artikuleer. Dit is daarom nie 'n plaasvervanger van die *KABV* dokument nie en onderwysers moet die hele *KABV* dokument onderrig.

Die kwalitatiewe dek van die hele *KABV* kurrikulum kan nie genoeg beklemtoon word nie.